Ek het U lief

# In Miga se skoene

## Bybelteks

*Hy het aan jou, mens, bekend gemaak wat goed is: Wat anders eis die Here van jou as om net te doen wat reg is, om troue liefde te bewys en om nederig die pad saam met jou God te loop?*

**– Miga 6:8**

## Kernwaarheid

**Dit gaan nie oor groot dinge wat ons vir God doen nie, maar oor hoe ons leef. God wil hê ons moet doen wat reg is, liefde bewys en nederig die pad saam met Hom loop.**

### WELKOM

Dink aan die speletjie wat julle gespeel het.

- Hoe het jy dit ervaar om aan iemand anders vasgemaak te wees?

- Wat beteken dit om nederig saam met God te loop en nie in jou eie rigting nie?

### WONDER

- Wat beteken "doen wat reg is" in jou skool of vriendekring?

- Wat beteken dit om "liefde te bewys" aan ander?

- Wat word bedoel met "nederig saam met God loop"?

- Watter een van hierdie drie is vir jou die moeilikste? Hoekom?

## WEES

Dink na oor die woorde "reg", "liefde" en "nederig" wat op die plakkate in julle lokaal staan.

## WEGSTUUR

Lees Miga 6:8 weer by die huis en dink na oor die volgende vrae:

- Waarin lyk jy reeds soos God vra?

- Wat sou Hy graag in jou wou verander?